*Boekresensie*

# Vakbondwese en Arbeidsverhoudinge

Slabbert, J.A., en Steyn, M.E. (1987).
*Vabondwese en arbeidsverhoudinge.*
Roodepoort: Digma-Publikasies.
118 pp. R19,50

Met dié werk bied Slabbert en Steyn 'n wetenskaplike omskrywing van die studieterrein van arbeidsverhoudinge sowel as 'n sistematiese ontleding van die prosesse van kollektiewe bedinging en konflikbestuur. Hierdie meer wetenskaplike benadering tot die studie van arbeidsverhoudinge word verwelkom.

Die hoofstuk oor kollektiewe bedinging word ingelei deur begripsomskrywing van kollektiewe bedinging volgens Flanders, Clegg, Farrell, Kahn-Freud. Verskillende teorieë onderliggend aan die bedingingsproses is duidelik uiteengesit. Van besondere waarde is die uiteensetting van die subprosesse, en fases van kollektiewe bedinging. Dit kan met vrug as die grondslag vir opleiding in bedingingsvaardighede gebruik word. Kernaspekte van die welbekende Richardsonmodel is sistematies uiteengesit. Die outeurs het ook nie nagelaat om die toepassingsgeleenthede van kollektiewe bedinging in die Suid-Afrikaanse situasie ten opsigte van statutêre en nie-statutêre bedinging aan te dui nie. Onder die onderwerp van geskilbeslegtingsmasjinerie word die funksie van nywerheidsrade, versoeningsrade, arbitrasie, bemiddeling en die nuwerheidshof, kortliks bespreek. Selfs die nuutste voorgestelde wysigings van die Wet op Arbeidsverhoudinge is daarin verantwoord maar dit is jammer dat nie meer besonderhede oor praktiese probleme ten opsigte van erkenning binne die huidige wetgewing voorsien word nie.

Alhoewel die vraagstuk van konflik baie wyd is en daar reeds baie oor gepubliseer is, word daarin geslaag om die essensiële elemente van die proses van konflik aan te haal. Vorme van konflik, gevolge van konflik, en bronne van konflik vorm die teoretiese agtergrond. Praktiese wenke ten opsigte van voorkoming en oplossing van konflik word gebied met spesifieke verwysing na onbillike arbeidspraktyke, stakings en uitsluitings, vorme van stakings asook praktiese riglyne vir hantering van stakings. Waar moontlik word met praktiese voorbeelde toegelig.

Die hoofstuk oor vakbonde word ingelei met die vernaamste vakbondteorieë. Die beleidmakende- en uitvoerende funksies van vakbonde sowel as die rol van die werkplaasverteenwoordiger (shop steward) is op so 'n wyse gedoen dat dit vir die leser wat onbekend met die vakbondwese is, tog 'n begrip van funksionering van vakbonde gee. Die model wat gebruik is verteenwoordig egter hoofsaaklik die struktuur en funksie van die gevestigde vakbonde in Suid-Afrika. Onder vakbondfilosofieë en doelstellings is daar ongelukkig steeds van ge-ykte stellings en beoordelings ten opsigte van SAKVA gemaak soos wat dit in die meeste literatuur verskyn. SAKVA verteenwoordig die hele spektrum van blanke politiek en behoort nie as ultraregs voorgestel te word nie. Die skrywers huiwer nie om hul mening oor die vakbonde se invloed op bestuur sowel as die geneigdheid van sekere vakbonde tot politieke betrokkenheid uit te spreek nie.

'n Baie verdienstelike werk. Die boek kan as 'n nuttige bron beskou word, nie alleen vir voor- en nagraadse studente in arbeidsverhoudinge nie, maar ook vir arbeidsverhoudingepraktisyns.

W. BACKER
DEPARTEMENT BEDRYFSIELKUNDE
RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT